# OPSOMMING

Die sentrale fokus van hierdie studie is die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate.

Na ’n inleidende hoofstuk waarin die navorsingsmetodologie en werkwyse uiteengesit word, volg ’n bespreking, aan die hand van resente literatuur, van vroeë volwassenes as ’n unieke generasie van ons tyd, gevorm binne ’n bepaalde samelewingskonteks; hulle eiesoortige kenmerke en gepaardgaande bedieningsbehoeftes; en moontlike redes vir hulle uiters geringe kerklike betrokkenheid (hoofstuk 2).

Die empiriese ondersoek wat deur middel van vraelyste en gestruktureerde onderhoude binne die Verenigende Gereformeerde Kerk se Ring van Wellington gedoen is, word in hoofstuk 3 beskryf en die resultate geïnterpreteer.

In hoofstuk 4 word eerstens bepaalde gevolgtrekkings gemaak. Die tendens van geringe kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate waarop die literatuurstudie gedui het, is deur die empiriese ondersoek bevestig. Tweedens word aanbevelings gedoen en riglyne geformuleer met die oog op ’n meer effektiewe gemeentelike bediening aan die vroeë volwasse lidmaat.